# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 9 Junie 2017*

***"Adversity is like a strong wind, it tears away from us all but the things that cannot be torn, so that we see ourselves as we really are" Arthur Golden***

## WATER: 'n RELEVANTE HULPBRON OM OP TE FOKUS

Om by Kaapstad Internasionaal te land, met winde van tot 90 km, is nie grap nie !! Maar as dit is wat nodig is om reën na die Kaap te bring, sal ek dit weer doen. Alhoewel een "moerse" storm nie beteken dat die droogte gebreek is nie, is hierdie koue front hopelik die eerste van vele meer. As deel van ons ondersoek na belangrike omgewingsuitdagings/risiko's, het die CGA water geïdentifiseer as 'n gebied wat prioriteits aandag benodig. Met die droogte vars in ons geheue, en terwyl ons deur die impak van die droogte vir die volgende paar jaar vorentoe werk, is dit 'n goeie tyd om na strategieë en opsies te kyk wat produsente onder hierdie toestande gebruik het om te oorleef. Wat is die belangrikste water bedreigings vorentoe? CGA werk saam met die Instituut vir Natuurlike Hulpbronne (INR), wat op sy beurt saam met 'n groep internasionale kundiges werk, om te probeer uitvind hoe om voorsieningskettings meer volhoubaar te maak. Hoe doen ons dit? Hulle fokus op die Tzaneen-opvangsgebied (insluitend Letsitele) en die Ceres, Wes-Kaap, gebiede as twee studiegebiede. Hulle is baie gretig om met produsente te praat wat die afgelope drie jaar "slim gedink het" as dit by water kom. In hierdie opsig kyk hul daarna om vergaderings in Letsitele aan die einde van Junie te hou (26/27 Junie). Produsente word genooi om met hulle te ontmoet, en gebaseer hierop te sien of hul verder wil deelneem. Dit is 'n geleentheid om te leer en te sien hoe doeltreffend ons watergebruik is. Kontak asseblief vir Paul Hardman (ph@cga.co.za) sodat hy besonderhede aan die INR kan verskaf.

## COMRADES MARATHON

Alhoewel geen lede van die sitrusfamilie bevestig het dat hul die Comrades-marathon gedoen het nie, kan ek noem dat Naomi Hardman (Paul se vrou) die uitdaging aangepak het en die marathon voltooi het - geluk!

## DIE "FRUIT INDUSTRY VALUE CHAIN ROUND TABLE (FIVCRT)" – 2

As ons kyk na die prestasies van die Handelswerkgroep het die FIVCRT terugvoering oor die twee werkswinkels wat die afgelope twee jaar gehou is; die eerste werkswinkel het prioriteite van regering, nywerheid, arbeid en ander belanghebbendes in lyn gebring; die tweede het 'n handelsontwikkelingstrategie vir Afrika bespreek. Tydens die bepaling van die prioriteitsmarkte het DAFF werk van die Noordwes-Universiteit aangebied, terwyl die bedryf 'n aantal studies oor markpotensiaal regoor die wêreld aangebied het. Uit hierdie proses is 9 prioriteitsmarkte gekies. Uitdagings is onder die volgende hoofde geklassifiseer - fitosanitêre, sanitêre, tariewe, bewustheid, polities en kredietversekering. Van elk van die nege prioriteitsmarkte is twee projekte gekies. Oor die afgelope twee jaar is twee addisionele markte vervang omdat dit duidelik was dat die tariefkwessies nie in twee van die oorspronklike prioriteitsmarkte aangespreek sal word nie. In 6 van die 9 markte is daar aansienlike vordering gemaak; terwyl daar ook vordering in die oorblywende drie gemaak is.
Die Afrika-handelsontwikkelingswerkswinkel het drie Afrika-streke, met tien teikenlande, geprioritiseer. Die volgende stap is om die beperkings te identifiseer en aan aksies te werk om die beperkings aan te spreek.

## GEPAK EN VERSKEEP

Gedurende die afgelope week het beide die Sagte sitrus- en Navelfokusgroepe vergader, en albei het hul voorspellings met 300 000 kartonne afwaarts aangepas. Dit beteken dat sagte sitrus terug is na die oorspronklike skatting, en nawels is 3,6 miljoen kartonne minder as die oorspronklike skatting.

| Tot Einde Week 22 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aaanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Final Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRONNE: PPECB/Agrihub** | 2015 | 2016 | **2017** | 2016 | **2017** | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 9.2 m | 7.6 m | **10.1 m** | 3.7 m | **4.9 m** | 15.6 m | 15.3 m | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 4.7 m | 6 m | **5.4 m** | 4.8 m | **3.9 m** | 13.2 m | 13.2 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 7.3 m | 7.8 m | **9.5 m** | 6.8 m | **7.7 m** | 17.5 m | 17.5 m | 15 m |
| Nawels | 6.3 m | 8.8 m | **6.3 m** | 5.4 m | **3.3 m** | 26.3 m | 22.6 m | 26.2 m |
| Valencias | 0.5 m | 0.7 m | **1 m** | 0.4 m | **0.2 m** | 50.1 m | 49.4 m | 41.8 m |
| Totaal | 28 m | 30.9 m | **32.3 m** | 21.1 m | **20 m** | 122.7 m | 118 m | 108.4 m |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**